Interklub Seleksie Kriteria - Riglyne

- Slegs foto's wat vir 'n amptelike kompetisie vir die huidige jaar ingeskryf is, kwalifiseer vir insluiting in die uitdun rondte(s)

- Die top 20 persent (20%) van die ingeskrewe foto's per medium dring outomaties deur

- Die proses om die top 20% per medium te bepaal is:

  (i) Bereken die aantal foto's wat 20% verteenwoordig

  Voorbeeld: 43 foto's ingeskryf (aantal per medium)

  43 x 0.20 = 8.6 (***Reël 1***: Rond altyd op na volgende heel getal)
  Dus: 20% is 9 foto's

  (ii) Tel die foto's met die hoogste punt. Indien dit minder is as die 20% getal, tel die foto's by met die 2de hoogste punt, daarna 3de hoogste, ens. totdat daar net soveel of meer is as die 20% getal.

  Voorbeeld

  27 punte: 2 foto's
  26 punte: 5 foto's
  25 punte: 1 foto
  24 punte: 4 foto's

  Vir bg. voorbeeld kan 9 foto's gekies word. Wanneer die getalle vir 27, 26 en 25 bymekaar getel word is daar net 8. Foto's met 'n punt van 24 moet dus ook ingesluit word, wat 'n total van 12 gee. (**Reël 2**: Die aantal foto's wat kwalifiseer moet gelyk of meer as die 20% getal wees,)

- Lede het 'n keuse of hy/sy foto's wat kwalifiseer wil inskryf

- Slegs een uitdun rondte word gehou na die laaste klub kompetisie, wat steeds voor die afsnydatum van die interklub byeenkoms is.

- Seleksie vind plaas d.m.v 'n stemproses. Elke klublib teenwoordig word voorsien van 'n stembrief en stem dan vir sy/haar top 10 foto's. Die stemme word bymekaar getel, die top 12 foto's kwalifiseer vir deelname aan die interklub kompetisie.

- Indien meer as die toegelate aantal foto's van 'n lid kwalifiseer, moet hy/sy self aandui watter uitgehaal moet word. Die volgende foto op die puntelys volgens die stemproses kwalifiseer dan outomaties om die toegelate aantal vol te maak

- Bg. proses geld vir elke medium waarvoor Tafelberg Afrikaanse Fotografieklub vir die interklub kompetisie wil inskryf. (**Reël 3**: Wanneer ‘n foto vir ‘n spesifieke medium in ‘n kompetisie ingeskryf is, bv. “prints”, mag dit nie in ‘n ander medium ingeskryf word vir die interklub kompetisie nie